



2010

Fakulteit Teologie Jaarverslag
Faculty of Theology Annual Report

UNIVERSITY OF THE
FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE
VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA
FREISTATA



UFS·UV
THEOLOGY
TEOLOGIE



THEOLOGY
TEOLOGIE
UFS·UV

Faculty of Theology Annual Report 2010 | Fakulteit Teologie Jaarverslag 2010
© All Rights Reserved | Alle Regte Voorbehou.

Design and Layout | Ontwerp en Uitleg:
SUN MeDIA Bloemfontein
sunmedia@sunbloem.co.za

Produced by | Geproduseer deur:
SUN MeDIA Bloemfontein

2010

Fakulteit Teologie Jaarverslag
Faculty of Theology Annual Report

UNIVERSITY OF THE
FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE
VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA
FREISTATA




UFS·UV
THEOLOGY
TEOLOGIE



Inhoud | Contents

Voorwoord	6	Departement Sendingwetenskap	20
Foreword	7	Department of Missiology	21
Departement Ou Testament	8	Departement Religiekunde	22
Department of Old Testament	9	Department of Religion Studies	23
Departement Nuwe Testament	10	Shepherd: Sentrum vir die Begeleiding van Geestelike Leiers	24
Department of New Testament	11	Shepherd: Centre for Assisting Spiritual Leaders	25
Departement Dogmatologie	12	Navorsing in die Fakulteit Teologie	26
Department of Dogmatology	13	Research in the Faculty of Theology	27
Departement Praktiese Teologie	14	Navorsingspublikasies/ Research Publications	28
Department of Practical Theology	15	<i>Acta Theologica</i>	29
Departement Ekklesiologie	16	Doktorsgrade toegeken/ Doctorates conferred	31
Department of Church History and Polity	17	Sola Gratia	32
Jonathan Edwardssentrum Afrika	18		
Jonathan Edwards Centre Africa	19		

Voorwoord



Francois Tolmie
Dekaan: Fakulteit Teologie

Vir Suid-Afrika was 2010 die groot sokkerjaar – 'n besondere mylpaal in ons land se geskiedenis. Vir die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van die Vrystaat het daar in 2010 nog 'n belangrike mylpaal bygekom toe die Fakulteit haar dertigste bestaansjaar gevier het. As Fakulteit kon ons met trots en dankbaarheid terugkyk op 30 bevoorregte jare van diens aan die akademie, die Universiteit, die kerk en die gemeenskap. Die dinamiese aard van die Fakulteit is gedurende 2010 opnuut onderstreep deur 'n hele paar besondere gebeurtenisse: Vroeg in die jaar het die SA

Werksgemeenskap vir Missiologie hulle jaarvergadering aan die UV gehou. Kort hierna is 'n baie suksesvolle kongres onder leiding van prof. Rian Venter oor die beoefening van teologie aan 'n publieke universiteit aangebied, met verskeie internasionale sprekers.

Die volgende belangrike gebeurtenis was die amptelike opening van die Yale-UV Jonathan Edwardsentrum. Deur hierdie belangrike sentrum en strategiese vennootskap met Yale Universiteit is die Fakulteit Teologie nou uitstekend geposisioneer om op hierdie terrein 'n belangrike internasionale bydrae te lewer. Saam met die amptelike opening van hierdie sentrum het twee nuwe buitengewone professore ook hulle intreerendes gelewer: Proff. Hoffie Hofmeyr en Adriaan Neele. Verder het Shepherd 'n baie suksesvolle Winterweek vir geestelike leiers aangebied. Kort hierna is 'n uiters suksesvolle Internasionale Calvynnavorsingskongres onder leiding van prof. Dolf Britz aangebied met 'n groot aantal internasionale akademici wat ons kampus besoek het.

In die tweede helfte van 2010 is die jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse Teologiese Vereniging met groot sukses op ons kampus aangebied. Die Fakulteit het ook vir die eerste keer in haar bestaan 'n ereprofessor aangestel toe die wêreldbekende prof. Peter Lampe in die Departement Nuwe Testament aangestel is. Dit is 'n voorreg vir die Fakulteit om 'n akademikus van sy formaat aan ons Fakulteit te kon verbind. Tussen al hierdie bedrywighede deur het die normale werksaamhede van die Fakulteit voortgegaan: onderrig, navorsing en gemeenskapsdiens. Met hierdie verslag bied die Fakulteit Teologie graag 'n blik op 'n besondere jaar in ons Fakulteit se geskiedenis.

Francois Tolmie

Dekaan: Fakulteit Teologie

Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein, Suid-Afrika

Personeel

Dekaan:
Prof. Francois Tolmie

Sekundus-dekaan:
Prof. Rian Venter

Direkteur: Yale-UV Jonathan Edwardsentrum:
Prof. Dolf Britz

Direkteur: Shepherd:
Dr. Gerhard Botha

Hoofbeamte: Fakulteitsbestuurder:
Me. Henna Nel

Uitvoerende Redakteur:
Acta Theologica: Dr. Lyzette Hoffman

Programdirekteur:
Prop. Annelien Labuschagne

Basiskursus:
Ds. Johan Botha, Ds. Nzimeni Mbebe

Sekretaresse: Dekaan:
Me. Martie van Graan

Sekretaresse:
Me. Ronel Ellis, Me. Lena Herselman

Bode:
Me. Story Leeuw

Kontak

Tel: 051 401 2667
E-pos: tolmief@ufs.ac.za



Foreword

For South Africa, 2010 was the great year of soccer – an exceptional milestone in the history of our country. For the Faculty of Theology at the University of the Free State, an important milestone was added when the Faculty commemorated its thirtieth year of existence in 2010. As a Faculty, we can look back proudly and thankfully on 30 years of privileged service to the academy, the University, the church and the community. A number of exceptional events during 2010 once again underlined the dynamic nature of the Faculty: Early in the year, the Southern African Missiological Society held their annual meeting at the UFS. Shortly afterwards, a very successful congress about the practicing of theology at a public university was held under the direction of Prof. Rian Venter, involving various international speakers.

The next important event was the official opening of the Yale-UFS Jonathan Edwards Centre. With this important centre and strategic partnership with the Yale University, the Faculty of Theology is now

excellently positioned to make an important international contribution in this field. Coinciding with the official opening of this centre, two new professors extraordinaire also made their inaugural speeches: Profs. HOFFIE Hofmeyr and ADRIAAN NEELE. In addition, Shepherd presented a very successful Winter Week for spiritual leaders. Soon after that, an extremely successful international Calvin Research Congress was presented under the direction of Prof. DOLF BRITZ, with a large number of international academics visiting our campus.

In the last part of 2010, the annual meeting of the South African Theological Association was held with great success on our campus. For the first time in its history, the Faculty also appointed an honorary professor when Prof. Peter Lampe, who is well-known throughout the world, was appointed in the Department of New Testament. It is a privilege for the Faculty to have an academic of his stature associated to our Faculty. Along with all the mentioned events, the normal activities of the Faculty continued: instruction, research and community service. With this report, the Faculty of Theology provides a glimpse into an exceptional year in the history of our Faculty.

Francois Tolmie

Dean: Faculty of Theology
University of the Free State, Bloemfontein, South Africa

Staff

Dean:
Prof. Francois Tolmie
Secundus Dean:
Prof. Rian Venter
Director: Yale-UV Jonathan Edwards Centre:
Prof. Dolf Britz

Director: Shepherd:
Dr. Gerhard Botha
Chief Official: Faculty Manager:
Me. Henna Nel
Executive Editor: Acta Theologica:
Dr Lyzette Hoffman
Programme Director:
Prop. Annelien Labuschagne

Foundational Course:
Rev. Johan Botha, Rev. Nzimemi Mbebe
Secretary: Dean:
Me. Martie van Graan
Secretaries:
Me Ronel Ellis, Me. Lena Herselman
Messenger:
Me. Story Leeuw

Contact

Tel: 051 401 2667
E-mail: tolmie@ufs.ac.za

Departement Ou Testament

Prof. Fanie Snyman, departementshoof, het van 1 Februarie – 31 Julie 2010 'n periode van navorsingsverlof geniet. Hy was gedurende dié tyd 'n navorsingsgenoot aan die Katholieke Universiteit Leuven in België waar hy toegang gehad het tot die teologiese biblioteek van die universiteit en waar hy waardevolle tyd aan navorsing kon bestee. Hy kon ook tydens sy verblyf aan die Katholieke Universiteit Leuven die jaarlikse *Colloquium Biblicum Lovaniense* LIX (CBL) bywoon wat elke jaar 'n bepaalde Bybelboek as tema van die kongres het. In 2010 (van 26–28 Julie) was die boek Josua die tema van die kongres en is die jongste tendense in die navorsing op die boek onder bespreking gebring. Prof. Snyman het verder ook die driejaarlikse kongres van die *International Organization for the Study of the Old Testament* aan die Universiteit van Helsinki in Finland (1–8 Augustus) bygewoon. Die kongres is een van die belangrikste kongresse wat in die wêreld van die Ou-Testamentiese wetenskap gehou word en Ou-Testamentici van reg oor die wêreld woon die kongres by. Hy het ook die kongres van die Projek Pentateugnavorsing wat aan die Universiteit van Pretoria gehou is, bygewoon.

Prof. Snyman het by twee geleenthede referate gelewer: By die kongres van die *International Organization for the Study of the Old Testament* aan die Universiteit van Helsinki, Finland, is 'n referaat gelewer waarin die tradisionele afbakening van perikope in Maleagi bevestig is en waartydens 'n nuwe voorstel gemaak is. By die kongres van die Projek Pentateugnavorsing aan die Universiteit van Pretoria is 'n referaat gelewer waarin daar geargumenteer is dat die slot van Maleagi (4:4–6) gelees sou kon word as die konvergensiepunt van die Profete-deel van die kanon, die Pentateug en die Psalms.



Tydens sy verblyf in Leuven, België het prof. Snyman afgekom op "Bloemfontein", 'n woonstelblok nie ver van die universiteit nie in een van die voorstede van Leuven. Die naambord "Bloemfontein" was omring deur rose tipes van Bloemfontein in Suid-Afrika.

Enkele belangrike publikasies:

Snyman, S.D.: Reading the Patriarchal narratives in the context of the exile. *NGTT* 51(3&4):125–134.

Snyman, S.D.: Preaching the Old Testament from a Christian pulpit. *Calvin Theological Journal* 45(2):304–316.

Personeel:

Departementshoof:
Prof. S.D. (Fanie) Snyman

Navorsingsgenote:
Prof. Hans Ausloos, Dr. Stefan Fischer, Prof.
Bénédicte Lemmelijn, Prof. Eric Peels, Dr.
Marius Terblanche

Kontak:

Tel: 051 401 2787
E-pos: snymansd@ufs.ac.za



Department of Old Testament

Prof. Fanie Snyman, the head of the department, was on sabbatical leave from 1 February to 31 July 2010. During this time, he was a research fellow at the Catholic University Leuven in Belgium, where he had access to the theological library of the university and could spend valuable time on research. During his stay at the Catholic University Leuven, he could attend the annual *Colloquium Biblicum Lovaniense* LIX (CBL), which every year takes a particular book of the Bible as the theme of the congress. In 2010 (from 26 to 28 July), the book of Joshua was the theme of the congress, and the latest tendencies in research on the book were discussed. Prof. Snyman also attended the three-yearly congress of the *International Organization for the Study of the Old Testament* at the University of Helsinki in Finland (1-8 August). The congress is one of the most important congresses held in the world of the Old Testament Science, and Old Testament scholars from all over the world attend the congress. He also attended the congress of the Project Pentateuch Research that was held at the University of Pretoria.

Some important publications:

Snyman, S.D.: Reading the Patriarchal narratives in the context of the exile. *NGTT* 51(3&4):125-134.

Snyman, S.D.: Preaching the Old Testament from a Christian pulpit. *Calvin Theological Journal* 45(2):304-316.

Prof. Snyman presented papers on two occasions: At the congress of the *International Organization for the Study of the Old Testament* at the University of Helsinki, Finland, a paper was presented in which the traditional demarcation of pericopes in Malachi was questioned and a new suggestion was made. At the congress of the Project Pentateuch Research at the University of Pretoria, a paper was presented in which it was argued that the conclusion of Malachi (4:4-6) could be read as the converging point of the Prophets section of the canon, the Pentateuch and the Psalms.

Staff:

Head of the Department:
Prof. S.D. (Fanie) Snyman

Research Fellows:
Prof. Hans Ausloos, Dr Stefan Fischer, Prof.
Bénédicte Lemmelijn, Prof. Eric Peels, Dr
Marius Terblanche

Contact:

Tel: 051 401 2787
E-mail: snymansd@ufs.ac.za

Departement Nuwe Testament



Tydens die intreerede van ereprofessor: Proff. Francois Tolmie (Dekaan), Peter Lampe (Ereprofessor) en Hermie van Zyl (Hoof van Departement Nuwe Testament)

'n Besondere eer het die departement te beurt geval met die aanstelling van prof. Peter Lampe van die Universiteit van Heidelberg, Duitsland, as ereprofessor in die Nuwe Testament. Prof. Lampe het op 20 Oktober sy intreerede gelewer, met die titel "Theology and Rhetorics. How do *res* and *verba* relate to each other?" Prof. Lampe is 'n Nuwe-Testamentikus van wêreldformaat, en het ook argeologiese opgrawings in Turkye gedoen. Sy span was verantwoordelik vir die ontdekking van die lank verlore hoofkwartier van die Montanistiese beweging.



MTh-studente wat hulle M-grade in Bybelse Spiritualiteit ontvang het, saam met die dosente.

Prof. Hermie van Zyl het tydens 12-15 Julie 'n lesingreeks by die Justo Mwale University College of Theology (JMUCT) in Lusaka, Zambië, aangebied. Dit was ingevolge die ooreenkoms tussen laasgenoemde instansie en die UV om 'n gesamentlike meestersgraad in Bybelse Studies en Hermeneutiek aan te bied.

In April het die eerste groep meestersgraadstudente, wat hul studies in 2008 vir 'n MTh-grad in Bybelse Spiritualiteit begin het, hulle grade ontvang. Bybelse Spiritualiteit is wêreldwyd 'n nuwe rigting binne die bibliologie, en die UV is een van die eerstes wat 'n formele graadkursus op nagraadse vlak hierin aanbied. Prof. Pieter de Villiers, buitengewone professor in Bybelse Spiritualiteit aan die UV, is die programleier en dosent. Samewerking geskied ook met die wêreldbekende Titus Brandsma Instituut aan die Radboud Universiteit te Nijmegen, Nederland. 'n Nuwe groep studente vir hierdie kursus het in 2010 hulle studies begin. Proff. Kees Waaijman en Jos Huls, beide aan voormelde Instituut verbonde en voorste internasionale kenners op die gebied van Bybelse Spiritualiteit, het in April as dosente opgetree. Hierbenewens het prof. Huub Welzen van dieselfde instansie in September as dosent die ontmoeting met die studente waargeneem. Hy het ook 'n werksessie vir predikante en ander belangstellendes in Bloemfontein oor 'n spirituele lesing van die gelykenis van die barmhartige Samaritaan aangebied.

In 2010 is navorsingsbesoeke deur die volgende navorsers onderneem: Proff. Pieter de Villiers en Francois Tolmie het referate gelewer in Gloucestershire, Engeland, tydens 'n internasionale kongres oor Bybelse Spiritualiteit. Tolmie het ook in Julie 'n referaat gelewer by die kongres van die *Society of Biblical Literature* in Tartu, Estonië. Hierbenewens het prof. De Villiers 'n maandlange navorsingsbesoek aan die Radboud Universiteit in Nijmegen, Nederland, gebring, asook 'n reeks lesings in St. Petersburg in Rusland waargeneem.

Die departement het vanjaar ook twee doktorsgraadkandidate gehad wat hulle grade ontvang het, naamlik dr. Louis Herman van Suid-Afrika, en dr. Sang-Kue Lee van Suid-Korea. In beide gevalle was prof. Tolmie die promotor.

Prof. Van Zyl het op die redaksie gedien wat die *Nuwe Lewende Vertaling*, 'n projek van die Christelike Uitgewersmaatskappy (CUM), grondig hersien het. Hierdie publikasie sal later in 2012 verskyn. Prof. Van Zyl dien as voorsitter van die Bloemfonteinse Streekskomitee van die Bybelgenootskap in Suid-Afrika. Hy lewer ook gereelde bydraes in die rubriek "Woord en Perspektief" in *Volksblad*.

Proff. Tolmie en Van Zyl dien verder op die paneel van vertalers van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika wat tans besig is met 'n nuwe bronteksgeoriënteerde Afrikaanse vertaling van die Bybel. Hierbenewens werk hulle ook aan 'n Interliniêre Vertaling van die Nuwe Testament, 'n projek van CUM.

Die departement het gedurende 2010 'n eksterne evaluering ondergaan. Proff. Fika Janse van Rensburg van die Noordwes-Universiteit en Gert Steyn van die Universiteit van Pretoria was die evalueerders. Tydens 'n besoek van twee dae in November is die hele spektrum van die departement se werksaamhede deeglik in oënskou geneem. Aanbevelings is gemaak wat opgevolg sal word om die dienslewering van die departement verder te verbeter. Tydens die besoek is daar ook 'n evaluering van die finalejaarstudente se eksamen gedoen.

Personeel:

Departementshoof:
Prof. Hermie van Zyl

Dosent:
Prof. Francois Tolmie

Ereprofessor:
Prof. Peter Lampe

**Buitengewone Professor in Bybelse
Spiritualiteit:**
Prof. Pieter de Villiers

Navorsingsgenote:

Dr. Alfred Friedl, Prof. Jos Huls,
Prof. Stephan Joubert, Prof. Andries
Snyman, Prof. Jan van der Watt,
Prof. Kees Waaijman, Dr. Huub Welzen


Kontak:

Tel: 051 401 3023
E-pos: vzylhc@ufs.ac.za



Co-workers on the Interlinear Translation of the New Testament.

Department of New Testament



Prof. Huub Welzen lectured at a seminar with M.Th. students in Biblical spirituality.

An exceptional honour came the way of the department with the appointment of Prof. Peter Lampe of the University of Heidelberg, Germany, as honorary professor in New Testament. Prof. Lampe made his inaugural speech with the title “Theology and Rhetorics. How do *res* and *verba* relate to each other?” on 20 October. Prof. Lampe is a New Testament

scholar of world format, and he also did archaeological excavations in Turkey. His team was responsible for the discovery of the long-lost headquarters of the Montanistic movement.

From 12 to 15 July, Prof. Hermie van Zyl gave a series of lectures at the Justo Mwale University College of Theology (JMUCT) in Lusaka, Zambia. It was done in terms of the agreement between the latter institution and the UFS to present a joint master’s degree in Biblical Studies and Hermeneutics.

In April, the first group of master’s degree students who began their studies for the M.Th. degree in Biblical Spirituality in 2008 received their degrees. Biblical Spirituality is a new direction in bibliography worldwide, and the UFS is among the first to present a formal degree course in this on postgraduate level. Prof. Pieter de Villiers, professor extraordinaire in Biblical Spirituality at the UFS, is the programme leader and lecturer. There is also cooperation with the world-renowned Titus Brandsma Institute at the Radboud University in Nijmegen in the Netherlands. A new group of students for this course began their studies in 2010. Profs. Kees Waaijman and Jos Huls, both part of the above-mentioned institute and leading experts in the field of Biblical Spirituality, acted as lecturers in April. In addition, Prof. Huub Welzen, as a lecturer of the same institution, conducted the meeting with the students. He also presented a work session for clergymen and other interested persons in Bloemfontein on the subject of a spiritual reading of the parable of the good Samaritan.

In 2010 research visits were undertaken by the following researchers, namely Profs. Pieter de Villiers and Francois Tolmie who presented papers in Gloucestershire, England, during an international congress about Biblical Spirituality. In July, Prof. Tolmie also presented a paper at the congress of the *Society of Biblical Literature* in Tartu, Estonia.

In addition, Prof. De Villiers paid a month-long research visit to the Radboud University in Nijmegen in the Netherlands, and gave a series of lectures in St Petersburg in Russia.

This year, the department had two doctorate candidates who obtained their degrees, namely Dr Louis Herman of South Africa and Dr Sang-Kue Lee of South Korea. In both instances Prof. Tolmie was the promoter.

Prof. Van Zyl served on the editorial staff that fundamentally revised the *Nuwe Lewende Vertaling*, a project of CUM Books. This publication will be published later in 2012. Prof. Van Zyl serves as chairperson of the Bloemfontein Regional Committee of the Bible Society in South Africa. He regularly contributes in the column “Woord en Perspektief” in *Volksblad*.

Profs. Tolmie and Van Zyl also serve on the panel of translators of the Bible Society of South Africa, which is currently busy with a new, source text-orientated Afrikaans translation of the Bible. In addition, they are also working on an Interlinear Translation of the New Testament, a project of CUM Books.

During 2010, the department was evaluated externally. Prof. Fika Janse van Rensburg of the North-West University and Prof. Gert Steyn of the University of Pretoria were the evaluators. During a visit of two days in November, the full spectrum of activities of the department was reviewed thoroughly. Recommendations made will be followed up to increase the service delivery of the department further. During the visit, the examination of the final-year students was also evaluated.

Staff:

Head of Department:
Prof. Hermie van Zyl

Lecturer:
Prof. Francois Tolmie

Honorary Professor:
Prof. Peter Lampe

Professor Extraordinaire in Biblical Spirituality:
Prof. Pieter de Villiers


Research Fellows:

Dr Alfred Friedl, Prof. Jos Huls, Prof. Stephan Joubert, Prof. Andries Snyman, Prof. Jan van der Watt, Prof. Kees Waaijman, Prof. Huub Welzen

Contact:

Tel: 051 401 3023
E-mail: vzyhlc@ufs.ac.za

Departement Dogmatologie



Prof. Gerald O'Collins van die
Catholic University of Australia



Tydens die konferensie "Geloof, godsdiens en die publieke universiteit":
Proff. Rian Venter (UV), Isabel Phiri (UKZN), Anton van Niekerk (US), Francois Tolmie
(UV) en Wentzel van Huyssteen (Princeton, VSA)

Enkele belangrike publikasies

Potgieter, P.C.: The didactic nature of Calvin's *De Scandalis*. *Koers* 74(4): 643-660.

Van den Bosch, D.: Mission, medicine, and power: a Foucauldian perspective. *NGTT* 51(3&4):143-153.

Venter, R.: Trinity and beauty: The theological contribution of Jonathan Edwards. *NGTT* 51(3&4):185-192.

2010 was 'n bedrywige en betekenisvolle jaar vir die Departement Dogmatologie. Die organisering van twee konferensies het baie tyd en energie in beslag geneem, maar het goeie dividende opgelewer. Tydens 23 tot 24 Maart is 'n internasionale konferensie met die tema *Faith, Religion and the Public University* aangebied. Die doel hiervan was om 'n interdisiplinêre gesprek te stimuleer en om 'n duidelike boodskap aan die res van die universiteit te stuur dat die publiek van die teologie ook die akademie en die samelewing insluit en nie net die kerk nie. Bekende akademici van internasionale aansien soos proff. W van Huyssteen (Princeton), I. Phiri (KwaZulu-Natal) en A. van Niekerk (Stellenbosch) het as hoofsprekers opgetree. Ander sprekers het dissiplines soos teologie, sosiologie, regsweetenskap, fisika en filosofie verteenwoordig.

Vir die eerste keer in 22 jaar het die *Theological Society of South Africa* (TSSA) se jaarbyeenkoms by Kopsies plaasgevind. Verskeie bekende sprekers, selfs van Engeland, die VSA, Nederland en Swede, het by die kongres (29 September tot 1 Oktober) voordragte gelewer. Die tema was *Ecumenical movements in South Africa: Edinburgh 1910, Cottesloe 1960 and beyond*. Byeenkomste soos dié bied benewens diepgaande akademiese refleksie ook 'n uitstekende bemarkingsgeleentheid aan die universiteit en die fakulteit.

Die begeleiding van meesters- en doktorsgraadstudente vorm 'n belangrike komponent van die departement se aktiwiteite. 'n Goeie aantal studente het hul nagraadse werk voltooi; ses studente het gestruktureerde meestersgrade afgehandel en drie hul doktorale proefskrifte. Die navorsing op M-vlak het onder andere gehandel oor interessante temas soos feministiese teologie in Afrika, Godsbeelde in films, en etiese vorming en herstellende geregtigheid.

Dit is verder 'n prioriteit vir die departement om jaarliks 'n aantal internasionale gasdosente uit te nooi. Dit bou internasionale verhoudinge en stel studente bloot aan nuwe en verrykende idees. Gedurende 2010 het die volgende gasdosente hier opgetree:

- Prof. Wentzel van Huyssteen (Princeton Theological Seminary): *Human uniqueness? In search of the image of God* (22 Maart).
- Prof. Gerald O'Collins (Catholic University of Australia): *Current trends in Christology* (26 Julie).
- Prof. Toine van den Hoogen (Radboud Universiteit, Nijmegen), *Spirituality and the human body* (14 September).

Die departementshoof, prof. Venter, het die volgende akademiese referate gelewer:

- 8-10 Maart: Inwyding van die Jonathan Edwards Center Africa, UV: *Trinity and beauty: The theological contribution of Jonathan Edwards*.
- 23-24 Maart: Konferensie oor Faith, religion and the Public University, UV: *"To love God, the poor and learning": Towards an ethic of theological knowledge*.

Benewens hierdie akademiese referate het prof. Venter ook 'n hele aantal populêr-wetenskaplike voordragte by verskillende geleenthede gelewer, onder andere oor onderwerpe soos: *Teologie en wetenskapsfilosofie*, *God en sosiale geregtigheid*, *Etiek van ons bedienings- en teologiese agenda*, en *Etiese besluitneming*.

Benewens bogenoemde aktiwiteite was die departementshoof verder betrokke by etlike ander akademiese en samelewingsdiensgerigte aktiwiteite. 'n Module in Algemene Hermeneutiek is in Lusaka by die Justo Mwale Theological University College as deel van die gesamentlike meestersprogram aangebied. Verskeie artikels is vir geakkrediteerde tydskrifte ekstern geëvalueer (vyf), asook M-verhandelinge en D-proefskrifte vir ander universiteite (sewe). Redaksionele werk vir die NGTT het ook heelwat tyd in beslag geneem. Op kerklike gebied is daar etlike kere gepreek (agt) en is daar diens gelewer aan die kerk as voorsitter van die Kommissie vir Leer en Aktuele Sake.

Personeel:

Departementshoof:
Prof. Rian Venter

Buitengewone Professor in Profesionele en Navorsingsetiek:
Prof. Laetus Latagan

Navorsingsgenote:
Dr. Brand Doubell, Ds. Martin Laubscher,
Prof. Pieter Potgieter, Prof. Sybrand

Strauss, Dr. Deborah van den Bosch,
Dr. Henk van den Bosch

Kontak:

Tel: 051 401 2788
E-pos: rventer@ufs.ac.za



Prof. R. Venter (right) with graduates (from left): C. Hamman, R. Malowa and L. Banda.

Department of Dogmatology

The year 2010 was a busy and significant year for the Department of Dogmatology. Organising two conferences took much time and energy but paid good dividends. On 23–24 March an international conference with the theme *Faith, Religion and the Public University* was presented; the aim being to stimulate interdisciplinary discourse and to send a clear signal to the rest of the university that the public of theology also includes the academy and society and not only the church. Renowned academics of international stature, including Profs. W. van Huyssteen (Princeton), I. Phiri (KwaZulu-Natal) and A. van Niekerk (Stellenbosch) addressed the conference as main speakers. Other speakers represented disciplines like theology, sociology, science of law, physics and philosophy.

For the first time in 22 years, the annual conference of the *Theological Society of South Africa* (TSSA) took place at Kopsies. Several well-known speakers, even from England, the USA, the Netherlands and Sweden, gave presentations at this congress (29 September to 1 October). The theme was *Ecumenical movements in South Africa: Edinburgh 1910, Cottesloe 1960 and beyond*. Apart from in-depth academic reflection, conferences like this also provide an excellent marketing opportunity to the university and the faculty.

Guidance of master's and doctoral students forms an important component of the activities of the department. A good number of students completed their postgraduate work; six students completed structured master's degrees, and three completed their doctoral theses. Amongst others, research on master's level dealt with interesting themes like feminist theology in Africa, images of God in films, ethical formation and justice of rectification.

Furthermore, it is a priority of the department to invite a number of international guest lecturers annually. It builds international relations and exposes students to new and enriching ideas. During 2010, the following persons acted as guest lecturers:

- Prof. Wentzel van Huyssteen (Princeton Theological Seminary): *Human uniqueness? In search of the image of God* (22 March).
- Prof. Gerald O'Collins (Catholic University of Australia): *Current trends in Christology* (26 July).
- Prof. Toine van den Hoogen (Radboud University, Nijmegen): *Spirituality and the human body* (14 September).



Zambian students in Lusaka with Prof. R. Venter. M.Th. programme in Biblical Hermeneutics.

The head of department, Prof. Venter, presented the following academic papers:

- 8–10 March: Inauguration of the Jonathan Edwards Centre Africa, UFS: *Trinity and beauty: The theological contribution of Jonathan Edwards*.
- 23–24 March: Conference regarding Faith, Religion and the Public University, UFS: *"To love God, the poor and learning": Towards an ethic of theological knowledge*.

Apart from these academic papers, Prof. Venter also made a number of popular scientific presentations on various occasions, amongst others on the subject of *Theology and philosophy of science, God and social justice, Ethics of our ministry and theological agenda, and Ethical decision-making*.

In addition to the above-mentioned activities, the Head of Department was involved in several other academic activities and activities directed at community service. A module in General Hermeneutics was presented at the Justo Mwale Theological University College as part of the joint master's programme. Various articles for accredited magazines were evaluated externally (five), as well as master dissertations and doctoral theses for other universities (seven). Editorial work for the NGTT also took much time. Several sermons were held (eight) in churches, and services were rendered to the church as chairperson of the Doctrine and Current Affairs Commission.

Staff:

Head of Department:
Prof. Rian Venter

Professor Extraordinaire in Professional and Research Ethics:
Prof. Laetus Lategan

Research Fellows:
Dr Brand Doubell,
Rev. Martin Laubscher,

Prof. Pieter Potgieter, Prof. Sybrand Strauss, Dr Deborah van den Bosch, Dr Henk van den Bosch

Contact:

Tel: 051 401 2788
E-mail: rventer@ufs.ac.za



Departement Praktiese Teologie

Die Departement Praktiese Teologie het 'n opwindende jaar beleef. Terwyl die normale akademiese bedrywighede voortgegaan het, het daar ook nuwe bedrywighede plaasgevind: Twee nuwe kollegas het by die departement aangesluit, en 'n nuwe honneurs- en magisterprogram is ontwikkel en bekend gestel. Nog 'n opwindende gebeurtenis was die feit dat die gemeentejaargroep uit studente van drie van die vier denominasies van die NG Kerk-familie bestaan het. Dit is die eerste keer in die geskiedenis wat dit gebeur.

Dr. Gordon Dames het in Januarie 2010 by die departement aangesluit met geloofsvorming as spesialiteitsveld. Ds. Joseph Pali is ook vanaf 1 Februarie 2010 'n voltydse personeellid van die departement. Prof. Kobus Schoeman is sedert 1 Januarie 2010 as departementshoof aangestel. Prof. Jan-Albert van den Berg was vir die eerste helfte van die jaar met navorsingsverlof. Daar is verder sewe voltydse en deeltydse personeellede aan die departement gekoppel wat met doseerwerk behulpsaam was. Die departement se akademiese navorsing is ook verder versterk deur 'n aantal navorsingsgenote wat aan die departement gekoppel is. Dr. David Keta, 'n jarelange kollega in die departement, sterf in Julie na 'n lang siekbed.

'n Nuwe program, getiteld 'n Honneurs en Magister in *Theologia Praxis*, is ontwikkel en bekendgestel. Deur dié program is nuwe deure geopen om met ander departemente en fakulteite van die universiteit saam te werk. Die departement is verder besig met 'n skakelingsprojek met dieselfde departement van die Universiteit van Stellenbosch. Dosente word op 'n jaarlikse basis uitgeruil. Dr. Ian Nell besoek gevolglik die plaaslike departement gedurende Oktober 2010 en behalwe vir 'n paar lesings bied hy ook 'n kursus vir predikante oor die predikant

Personeel:

Departementshoof:
Prof. Kobus Schoeman

Dosente:
Dr. Gordon Dames, Dr. Jeannette Steyn, Ds.
Joseph Pali, Prof. Jan-Albert van den Berg

Navorsingsgenote:
Prof. Johan Janse van Rensburg, Dr. Lyzette
Hoffman, Dr. Johan Nel, Dr. Cas Wepener

Kontak:

Tel: 051 401 2668
E-pos: schoemanw@ufs.ac.za

as 'n interpretatiewe gids aan. Dr. Dames verwerf 'n nagraadse Hoëronderswysdiploma oor Fasilitering in Leerpraktyk vanaf die UV.

Wat navorsing betref, is prof. Jan-Albert van den Berg vir die eerste ses maande op navorsingsverlof en die resultaat van die navorsing is 'n monografie, getiteld *An auto/biographical theologia habitus – Futures perspectives for the workplace*. Prof. Van den Berg voltooi ook, met lof, sy magisterstudie in Toekomststudie aan die Bestuurskool van die Universiteit van Stellenbosch. Prof. Schoeman en Van den Berg lewer 'n referaat by die PTSA-kongres oor "'n Waardering vir die positiewe! Waarderende betrokkenheid as 'n gemeentelike en pastorale proses." Prof. Kobus Schoeman is tans ook besig met die Kerkspieëlnavorsing – 'n omvattende opname binne die NG Kerk. Dit het in Augustus 2010 afgeskop en die resultate sal eers in 2011 beskikbaar wees. Hy was verder deel van 'n taalaudit met opdrag van die ATR (Afrikaanse Taal Raad) wat in die tweede helfte van die jaar onder die titel: *Kerktaalverslag: Taal-tegemoetkoming en taalvastheid in Afrikaanse kerklike gemeentes 2009* verskyn. Verder het dr. Gordon Dames 'n uitgebreide navorsingstoer na Unisa, die Universiteit van Pretoria, die Universiteit van Stellenbosch en verskeie kerklike rolspelers in kategorie en jeugwerk onderneem.

Al die dosente lewer gereeld referate by nasionale- en internasionale kongresse en publiseer vakwetenskaplike- en populêre publikasies. Beide prof. Johan van Rensburg en dr. Cas Wepener wat as navorsingsgenote aan die departement gekoppel is, is NNS-gegradeerde navorsers. Vanuit die pen van dr. Cas Wepener, 'n internasionaal-erkende navorser in Liturgiek, verskyn *Aan die tafel met Jesus. Leer ken Christus se tafelmaniere in Lukas en Handeling* by BM. Onder dr. Gordon Dames se redaksie is 'n boek, *Ethical leadership and the challenges of moral transformation* (SUN MeDIA) gepubliseer.



Department of Practical Theology

Staff

Head of Department:
Prof. Kobus Schoeman

Lecturers:
Dr Gordon Dames, Dr Jeannette Steyn, Rev. Joseph Pali, Prof. Jan-Albert van den Berg

Research Fellows:
Prof. Johan Janse van Rensburg, Dr Lyzette Hoffman, Dr Johan Nel, Dr Cas Wepener

Contact:

Tel: 051 401 2668
E-mail: schoemanw@ufs.ac.za

The Department of Practical Theology experienced an exciting year. Normal academic activities continued, two new colleagues joined the department, and a new honours and master's programme was developed and introduced. Another exciting incidence was the fact that the congregational year group consisted of students of three of the four denominations of the Dutch Reformed Church family – the first time in the history of this faculty that this happened.

Dr Gordon Dames joined the department at the beginning of January 2010, with faith forming as a special field. Rev. Joseph Pali has also been a full-time staff member since 1 February 2010. Prof. Kobus Schoeman was appointed as the head of the department from January 2010. Prof. Jan-Albert van den Berg was on research leave for the first half of the year. In addition, seven full-time and part-time staff members were linked to the department to assist with lecturing. The academic research of the department was strengthened by a number of research fellows that were linked to the department. Dr David Keta, a colleague of many years' standing in the department, passed away in July after a long illness.

A new programme, titled an Honour and Master's in *Theologia Praxis*, was developed and introduced. With this programme, new doors were opened to work together with other departments and faculties at the university. The department is also involved in a liaison project with the same department at the University of Stellenbosch. Lecturers are exchanged annually. Consequently, Dr Ian Nell visited the local department during October 2010, and apart from a number of lectures, he also presented a course for ministers about the minister as an interpretative guide. Dr Dames obtained a postgraduate Higher Education Diploma on Facilitation in Learning Practice at the UFS.

With regard to research, Prof. Jan-Albert van den Berg was on research leave for the first six months, and the result of the research is a monograph titled *An auto/biographical theologia habitus – Futures*

